

Donderdag 16 Februarie

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 12:1-11

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 12:3

Die doel om met die Heilige Gees vervul te word

Die stigting en opbou van die kerk en koninkryk van Christus is totaal afhanklik van die inwoning en werking van die Heilige Gees (Hand. 1:8).

In die kerk van Korinte het 'n belangrike vraag ontstaan: *Hoe moet ons weet wie waarlik die Gees ontvang het, en dus deur die Gees dien?* So is dit maar nog steeds vandag. Ons hoor, sien en ervaar wyd uiteenlopende opinies, verkondigings, praktyke, genesings en belydenisse. Wie kan ons glo en wie nie? Waar werk die Gees regtig en waar is onegtheid?

Die gemeente van Korinte stuur toe 'n afvaardiging na Paulus in Efese om duidelikheid te kry. Ons vind die antwoord (veral) in 1 Korintiërs 12 tot 14.

Die eerste en belangrikste kenmerk van 'n Geesvervulde mens is sy belydenis oor Jesus. *Wie is Ek?*, het Jesus aan sy dissipels gevra (Matt. 16:13 ev.). Dis die kernvraag. As iemand Jesus 'n vervloekte (*anathema*) noem, is dit duidelik dat so een nie die Gees ontvang het nie (vs 3). So iemand is nog deur heidense godsdienste vasgevang en verblind (vs 2). Die Gees het gekom om Christus te verheerlik, nie te vervloek nie!

As iemand vrymoedig, opreg en spontaan *Jesus as Here* bely, weet ons so iemand is met die Gees vervul (Hand. 2:17 ev.).

Dis die hoofdoel om met die Gees vervul te wees.

Sing: Skrifberyming 7-2:1, 2

Dr. NP (Klasie) Heystek (Emeritus)